



ANDRÉ WESSELS (red.). *Die oorlogsherinneringe van kommandant Jacob Petrus Neser.* Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in samewerking met die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke: Bloemfontein, 1987. 131 pp. Geïll. R17,00 (inklusief). ISBN 0379 4695 7.

Net soos dagboeke kan opgetekende persoonlike herinneringe beskou word as belangrike historiese bronne. Sulke geskrifte is nie net vir die historikus en in besonder vir die biograaf van waarde nie, maar met die nodige voorbehoude, ook vir ander vakdissiplines soos kultuurgeskiedenis, taalkunde, ens.

Die belangstelling in hierdie vorm van nie-amptelike geskiedskrywing het in Suid-Afrika in die moderne tyd merkbaar toegeneem. Hiervan getuig die groeiende getal oorlogsdagboeke en herinneringsgeskrifte wat deur die Instituut vir Geskiedenisnavorsing van die RGN gepubliseer word. Ook ander reekse soos die Christiaan de Wet-annale het in hierdie verband al goeie bydraes gemaak. Die jongste (nr. 7) in laasgenoemde reeks handel oor die wedervaringe van Japie Neser gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902).

Indien persoonlike herinneringe, net soos dagboeke, as historiese bron van enige waarde wil wees, is die skrywer se objektiwiteit en eerlikheid 'n belangrike vereiste. Dit is hier waar goeie annotering en redigering noodsaaklik word ten einde 'n gesonde balans en geloofwaardigheid in die eindproduk te verseker. In die geval van Neser se herinneringe het Andre Wessels hom as redakteur besonder goed van hierdie taak gekwyt.

Neser het as Kaapse rebel die oorlog van begin tot einde meegemaak. Sy wedervaringe is egter eers etlike jare na die oorlog opgeteken en wel deur vier verskillende persone, onafhanklik van mekaar. Wessels het daarin geslaag om die vier weergawes sinvol te verwerk tot een geïntegreerde vertelling. Dit is duidelik dat die redakteur baie moeite gedoen het om die herinneringe so volledig moontlik te annoteer. Wat sy taak aansienlik moes bemoeilik het, was die gebrek aan datums in die teks en die feit dat Neser se geheue hom dikwels in die steek gelaat het, veral met die verloop van die oorlog.

Die waarde van die publikasie kon verhoog gewees het deur die invoeging van een of twee kaarte wat die vertellinge tot 'n groot mate kon aanvul. Min mense ken die geografie van Noordwes-Kaapland goed genoeg om die bewegings van die kommando's sonder 'n kaart te kan volg. En waarom die teks nie in hoofstukke ingedeel is nie, is ook nie duidelik nie. Ander tekortkominge is die inkonsekwente gebruik van hakies in die voetnote (kyk o.m. p. 17) en die gebruik van *Ibid.* wat soms misleidend is (kyk o.m. p. 22 (voetnoot 38) en p. 28 (voetnoot 60) waar in beide gevalle dit onduidelik is of na Breytenbach of Amery verwys word).

Ten spyte van bogenoemde kritiek en 'n paar 'onvermydelike' spel- en/of drukfoute (bv. 1817 i.p.v. 1917 op p. 11) is dit 'n puik stuk werk. Die goeie Inleiding, die paar foto's en die volledige bronnelys en register verhoog die waarde van die geskrif as 'n naslaanbron.

Die grootste waarde, myns insiens, van die herinneringe is Neser se persoonlike siening van gebeure en van sekere persone. Sy kritiek teen sommige leiers, en veral sy skerp reaksie teenoor genl. Smuts, is insiggewend. 'n Mens wonder egter hoe waar Neser se vertelling is dat hy, toe Smuts aan hulle in die Noordwes-Kaap die tyding gebring het dat die Boereleiers by Vereeniging oorgegee het en die Kaapse rebelle aan hulle lot oorgelaat is, teenoor Smuts sou uitgeroep het: 'Jy het ons gaan verraai' en wat daarop gevolg het (p. 103). Het Neser toe reeds so teenoor Smuts gevoel of het hy hom laat beïnvloed deur die gebeure van 1914 toe sy herinneringe aan die Anglo-Boereoorlog jare later opgeteken is?

Dit is interessant dat Kimon Neophyte in 'n kortverhaal reeds etlike jare gelede dieselfde insident as kerngedagte gebruik het: 'He (Smuts) returned to them saying that he had capitulated. They wept and fell on the ground in despair and disbelief. Japie Nesser (sic) bellowed: 'Jan Smuts, you have betrayed us!'But what Japie did not know was that ... Smuts sacrificed his people's independence for a greater unity with the collective entity of humanity, which the Greeks called Kosmos.'

*L. CHANGUION*
*Universiteit van die Noorde*